# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 Nommer 23 15 Junie 2025

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS: SONDAG 15 Junie – Dr De Wet Saaiman




**Skrifgedeelte:** Johannes 19:28-37
**Teksvers:** Johannes 19:30a
**Tema:** Jesus se gebede: Jesus het alles volbring!
Jesus het aan die kruis tot sy Vader gebid: Dit is volbring! Dit was Jesus se voorlaaste woord aan die kruis voordat Hy sy laaste asem uitgeblaas het. Dit was geen versugting van sy kant nie, maar ’n uitroep van triomfantelike oorwinning! In Grieks is dit net ’n enkele woord: *Tetelestai*, maar in betekenis aangrypend ryk. Wanneer Jesus hierdie woord uitroep, dan verklaar Hy dat Hy ten volle betaal het vir al ons sonde. Jy is vry van skuld. Jou sondes is vergewe want Jesus het met sy bloed daarvoor betaal. Hy het die skuldbrief teen ons uitgedelg deur dit aan die kruis vas te nael (Kol. 2:14). Jy hoef nie meer vir God se oordeel bang te wees nie. Aanvaar Jesus se betaling van jou sonde en leef met dankbare oorgawe vir jou HERE! In die Woordverkondiging staan ons vir ’n oomblik stil by Jesus se oorwinningskreet aan die kruis en ons vra drie vrae:

a) WAT is volbring?
b) HOE is dit volbring; en
c) Vir WIE is dit volbring?

## SONDAG 15 Junie 2025

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die Thusofonds.

Die tweede kollekte Sondag 22 Junie is na die oggenddiens vir Expando en na die aanddiens vir die Bystandfonds.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 36 – Oudl Charles Moss
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie

**Geen Aandiens nie agv langnaweek**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 16 TOT 22 JUNIE 2025

**Maandag 16 Junie**

Jeugdag

**Woensdag 18 Junie**

9:00 Korrektiewe dienste

**Donderdag 19 Junie**

10:00 Bybelstudie: Koningskindergroep

15:00 Voedingsprojek: Smeer van broodjies: Groep A olv sr Nelia Booyens
Groep B olv sr Marisa van der Walt

**Vrydag 20 Junie**

09:00 Voedingsprojek: Uitdeel van broodjies: Groep A olv sr Nelia Booyens
Groep B olv sr Marisa van der Walt

**Saterdag 21 Junie**

Koningskinders maandbyeenkoms

**Sondag 22 Junie**

Patmos Bybelstudie

## Diensbeurte Sondag 22 Junie 2025

Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Elsabé Joubert
Konsistorie Diensbeurt: Wyk 37 – Oudl Annamie Odendaal
Diakonale Diensbeurt: Groep 2
Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Carien du Plessis
Katkisasie Les 13

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***19 Junie***

- Sr Myra Coetzer (082 653 1063) Wyk 40
- Br Pieter van Rooy (083 442 3173) Wyk 41

***22 Junie***

- Sr Alet Steyn (072 143 1957) Wyk 36

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***15 Junie***

- Sr Magdaleen Bonsma (082 898 0395) Wyk 8
- Sr Nesnah Hansen (083 408 5262) Wyk 26

***16 Junie***

- Sr Sandra Jansen (076 974 5122) Wyk 23
- Jsr Mia Verreynne (076 783 8266) Wyk 6

***17 Junie***

- Sr Sonika Kock (084 590 0617) Wyk 33
- Sr Adely Malan (081 821 6067) Wyk 16
- Sr Carli Rossouw (076 143 2201) Wyk 34

***18 Junie***

- Br Hendrik Henning (082 336 1284) Wyk 2

***19 Junie***

- Br Arno Jacobs (072 492 0165) Wyk 6
- Sr Karien Koekemoer (082 328 2973) Wyk 34

***20 Junie***

- Br Servaas Nel (082 411 2960) Wyk 17

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

***17 Junie***

- Br Tjaart en sr Heila du Preez (082 939 2086) Wyk 31 met hul 47ste herdenking

***22 Junie***

- Br Heinrich en sr Karien Koekemoer (082 459 2243) Wyk 34 met hul 13de herdenking

## Lief en leed:

- Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van br Sarel Snyman na ’n lang siekbed en verswakking. Ons betuig ons meelewing met sr Marieta en br Eddie en familie. Mag die HERE julle vertroos en in die geloof versterk. Die troosdiens sal 19 Junie om 11:00 in die Kerkgebou geskied.
- Ons is saam met sr Erika Nieuwoudt (083 950 8896) Wyk 17 dankbaar dat sy goed herstel na haar oogoperasies. Sterkte met die verdere herstel.
- Br Johan van Tonder (083 488 1039) Wyk 37 het ’n terugslag beleef en is weer in die hospitaal opgeneem vir longverwante komplikasies. Ons bid dat hy spoedig mag herstel.

## Dankwoord:

- Dankie aan die susters en koster wat met die troosdiens van br Hannes Dekker gehelp het. Dit word opreg waardeer.

# KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 8 Junie 2025**

| | |
|---|---|
| R 2229.50 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 1164.00 | Oggend: Deure/ Ekumenisiteit |
| R 148.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 76.00 | Aand: Deure/ Kerkkas |

**SnapScan: 8 Junie 2025**

| | |
|---|---|
| R 840.48 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 202.86 | Oggend: Deure/ Ekumenisiteit |
| R 130.42 | Aand: Barmhartigheid |
| R 24.15 | Aand: Deure/ Kerkkas |

## Die Here se seën (3)

“Die GENADE van die Here Jesus Christus en die LIEFDE van God en die GEMEENSKAP van die Heilige Gees sal by julle almal wees.” 2 Korintiërs 13:13

In die vorige twee stukkies het ons gesien dat God ons seën met sy genade, liefde en gemeenskap van die Heilige Gees (met die twee geldige interpretasies van hierdie seën). Vandag; 'n kort oorkoepelende blik op en opsomming van hierdie seën van die Here.

- **Horisontale en vertikale dimensie**

Die Here se seën oor ons het 'n vertikale en horisontale dimensie. Met ander woorde: Wat Hy aan ons doen en mee seën, moet ons ook teenoor ons naaste uitleef. Ons het die verantwoordelikheid om sy seën in ons gewone lewe te laat grondvat. Hyself rus ons met sy seën toe en maak ons bekwaam om dit te kan doen. Ons moet sy seën gebruik om soos sy kinders te lewe.

- Die Here seën ons dat ons gemeenskap met mekaar sal hê (horisontaal), én dat ons in gemeenskap met die Heilige Gees sal lewe (vertikaal).
- Jesus vat die Wet saam met: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand (vertikaal). Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (horisontaal).” (Matt. 22:37-39)
- Die Here is ons genadig (vertikaal), maar Hy verwag ook van ons om barmhartig teenoor ons naaste te wees (horisontaal, Luk. 6:36).

Ons moet die seën waarmee God ons seën prakties uitleef in ons gewone lewe. Ons moet liefhê en genadig wees en ander se belange bó ons eie stel.

- **Met julle almal**

Die Here sonder niemand van ons wat in Hom glo uit nie. Hy stort sy seën oor elkeen van ons uit. Jy gaan deur die lewe as 'n geseënde deur die lewende almagtige God. Moet dít nooit vergeet nie!

Ds André Grové

## Dr Wim en sr Hettie se nuwe kontakbesonderhede (vanaf Julie 2025):

Adres: Duineweg 257, Hentiesbaai
E-pos: whv257@gmail.com
Selfoon: +27 79 529 5224 (slegs WhatsApp)
Namibiese selfoon: +264 85 811 0758

## *Gedagte vir die week*



Sing vir God, besing sy Naam! Verheerlik Hom wat op die wolke ry - Here is sy Naam – jubel voor Hom!
Psalm 68:5

## PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2025

**15 Junie** (Langnaweek) (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Jesus het alles volbring. Johannes 19:28-37 (T = Joh. 19:30a).
**22 Junie**
Oggend: Dr De Wet - Jesus bid sy laaste gebed. Lukas 23:33-49 (T = Luk. 23:46).
Aand: Dr De Wet - Dirk Postma en die stigting van die Gereformeerde Kerke in SA – Sing vir die HERE 'n nuwe loflied! Psalm 33 (T = Ps 33:1-3).
**SKOLE SLUIT (27 JUNIE)**
**29 Junie** (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant - Ds Neels Malan
**6 Julie** (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant - Dr Kobus van Tonder
**13 Julie** (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Jesus se afskeidsgebed. Johannes 17 (T = Joh 17:17-21).
**20 Julie** (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Ons het almal voorbidding nodig! – Kolossense 4:1-18 (T = Kol 4:12)
**SKOLE OPEN (22 JULIE)**

## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van
Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).